
# Module 3-opsomming
## Kultuur- en erfenistoerisme

### Hoofstuk 1 Uniekheid van Suid-Afrika se kulture

In hierdie hoofstuk het jy geleer dat kulturele uniekheid ’n motiveerder vir reis kan wees. Dit kan die primêre reismotiveerder wees. Suid-Afrika het beduidende kulturele uniekheid wat betrekking het op ons diverse kulturele groeperings en praktyke, sowel as ons Apartheidsverlede. Ons antieke geskiedenis is ook uniek – dit sluit fossieloorblyfsels van die vroeë mensdom in, sowel as baie voorbeelde van San-kuns. Nelson Mandela is oor die hele wêreld beroemd en hy is ’n goeie voorbeeld van hoe ’n individu van ’n bepaalde land ’n toerisme-trekpleister kan wees en inwaartse toeriste kan lok.

Kuns- en handwerkbedrywe is ’n belangrike element van die kulturele toerisme-aanbieding in die land. Dit is interessant vir toeriste en is ook ’n manier om inkomste uit die verkoop van kuns- en handwerkprodukte te verdien.

Kulturele aanloklikhede en aktiwiteite sluit in:




Al hierdie elemente word in ag geneem in verhouding tot die provinsies en hul dominante kultuurgroeperings. Dit sluit in watter kulturele elemente vir toeriste interessant is en hoe en waar toeriste aan hierdie elemente kan deelneem en dit kan ervaar.

### Hoofstuk 2 Suid-Afrikaanse erfenisliggame

Jy het in hierdie hoofstuk ontdek dat die rol van die Suid-Afrikaanse Erfenis- en Hulpbronagentskap (SAEHA) is om:

- Suid-Afrika se kulturele erfenis te beskerm
- Suid-Afrikaners op te voed en op te lei om te help om kulturele hulpbronne te identifiseer
- ’n inligtingsdatabasis van die nasionale boedel by te hou.

Daar is ’n provinsiale erfenisliggaam in elke provinsie, wie se taak dit is om erfenishulpbronne te identifiseer, op te teken en te bestuur, sowel as om verslag te doen oor aktiwiteite. Jy het ook geleer dat wetgewing verskillende soorte beskerming verleen vir verskillende soorte erfenishulpbronne. Jy het van spesiale erfenispermitte geleer en die kriteria vir die verklaring van ’n erfenishulpbron.

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.